UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education
Advanced Subsidiary Level

**AFRIKAANS** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2004

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen on both sides of the paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions in **Afrikaans**.
Dictionaries are not permitted.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy ‘n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met ‘n donkerblou of swart pen op die voorkant en agterkant van jou papier.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Woordeboeke word nie toegelaat nie.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ‘n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank pages.

SP (NF) S57423/3
© UCLES 2004
UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE International Examinations

**[Turn over**

## Section 1

**Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.**

**DÓÉN DIT NET.**

Jy het al alles gedoen. Jou lessenaar reggepak, e-posse gestuur, agterstallige oproepe gemaak en die dik legger met werk wag steeds. Al ‘n volle week lank.
Om uit te stel is menslik en nie noodwendig sleg nie, sê Ronéll Lemmer-Kehl, kliniese sielkundige. “Uitstel gee jou kans om ‘n situasie sonder haas te evalueer, jy kan ‘n bietjie vir tyd speel en helderheid kry oor besluite of optrede. Dit hoef nie tot afstel te lei nie.”
Peter Honey, die skrywer, beweer in sy boek: “as jy niks doen nie, kan dit juis die probleem vererger. Die probleem kry kans om te groei van betreklik klein en gemaklik om reg te stel tot groot en moeilik herstelbaar. Hoe meer gewigtig die probleem, hoe groter die kans dat jy waarskynlik nog meer sal uitstel.” Sommige mense stel uit met die hoop iets sal gebeur wat die situasie sal oplos. Stel ‘n lysie op van die voordele en nadele en wanneer die nadele van uitstel erger is as die voordele, sal jy die bul by die horings moet pak. Beloon jouself met persoonlike dingetjies vir afgehandelde take. Breek groot, onoorkombare take op in kleiner, meer behaalbare take.
Ronéll beveel aan dat as jy totaal oorweldig deur ‘n taak voel en dit heeltyd tot môre los, begin sommer net vir twintig minute daaraan werk. Doen dit stukkie vir stukkie en besluit wat jou prioriteite is. Die samelewing versterk die siening dat mense wat vooruit beplan en dinge volgens ‘n tydrooster doen, die mense is wat dit reg doen. Mens kry egter diegene wat nie in hierdie groep val nie en wat onder druk floreer. Dis deel van jou karakter. Moet jouself dan nie daaroor kasty nie. Selfkritiek is amper meer gevaarlik as die uitstel, want dit kan verlammend op jou inwerk.
Vrees is ook ‘n rede vir uitstel. Jy is dalk bang vir wat kan gebeur en daarom hou jy aan om uit te stel, maar eintlik is jou watertrappery baie erger as om die gevreesde stap te neem.
Uitstel kan ook beteken jy is kwaad vir jou baas omdat hy onnodige eise aan jou stel. Dalk is jy vies omdat hy in die pos sit wat jy voel jou toekom. Uitstel is een manier waarop jy hom kan “terugkry” hiervoor. “As jy besef jy is in ‘n werksomgewing waar sperdatums en goeie organisasie van jou verwag word, sal jy aanpassings moet maak. Sê vir jouself; kom ons kyk wat ek vandag kan doen om dit vir myself makliker te kan maak”. Doen ‘n opname. Stel vas wat jy werklik wil hê en tree dan op, sê Ronéll.

**1** Gee ‘n kort definisie in Afrikaans vir die volgende woorde:

Voorbeeld: Sperdatum:
Antwoord: Die dag/tyd waarop iets voltooi moet word.

**(a)** Agterstallige (sin 1) [1]

**(b)** Optrede (sin 5) [1]

**(c)** Vererger (sin 7) [1]

**(d)** Beloon (sin 11) [1]

**(e)** Oorweldig (sin 14) [1]

[Totaal: 5 punte]

© UCLES 2004

**2** Verduidelik die volgende sinne **in jou eie woorde**. Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.

Voorbeeld: Moenie tou opgooi as dinge moeilik raak nie. (Jy …)
Antwoord: Jy moenie moed verloor as jy ‘n probleem ondervind nie.

**(a)** Jy sal die bul by die horings moet pak (sin 11).
(Jy sal…) [1]

**(b)** Mens kry egter diegene wat nie in hierdie groep val nie en wat onder druk floreer (sin 18 ).
(Mens kry egter diegene wat nie in hierdie groep val nie en wat….) [1]

**(c)** Moenie jouself dan daaroor kasty nie (sin 18).
(Jy moet nie ….) [1]

**(d)** Selfkritiek is amper meer gevaarlik as die uitstel, want dit kan verlammend op jou inwerk (sin 19).
(Dit is amper meer gevaarlik om selfkrities te wees, want….) [1]

**(e)** Uitstel is een manier waarop jy hom kan ‘terugkry’ hiervoor (sin 23–24).
(Een manier….) [1]

[Totaal: 5 punte]

**3** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans**. Bepaal jou by die teks, maar **moenie** sinne direk uit die teks oorskryf nie.

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20)***

**(a)** Hoekom glo Ronéll dat uitstel tot jou voordeel kan strek? Noem twee redes. [2]

**(b)** ‘Dit hoef nie tot afstel te lei nie’ (sin 5). Gee die bekende gesegde wat hiermee verband hou. [2]

**(c)** Wanneer, volgens Peter Honey, word uitstel ‘n struikelblok? [1]

**(d)** Watter **twee** oplossings beveel Peter Honey aan om die probleme wat ontstaan as gevolg van uitstel, te voorkom? [2]

**(e)** **(i)** Verduidelik die letterlike betekenis van ‘watertrap’. [2]

**(ii)** Wat beteken die woord “watertrappery” (sin 21) in die artikel? [2]

**(f)** Wanneer kan ergernis ontstaan in die werksituasie wat dan aanleiding gee tot uitstel? Verskaf **twee** voorbeelde uit die teks. [2]

**(g)** Noem **twee** stappe wat jy, volgens Ronéll, moet neem as die werk begin ophoop? [2]

[Totaal: 20 punte]

## Section 2

**Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.**

**BESLUITE**

Kenners sê om ‘n besluit te neem hoef nie ‘n pyniging te wees nie. Dit kan bevrydend wees, omdat jy beheer oor jou lewe neem – jy moet net weet hóé. Dit help ook om te verstaan wat lê agter jou onvermoë om tot ‘n besluit te kom.

Benita Raubenheimer, ‘n sielkundige van Kaapstad, sê jou gene en jou grootwordjare kan ‘n rol speel.

“As jou ma byvoorbeeld altyd namens jou besluite geneem het, kan jy óf ‘n baie swak besluitnemer wees omdat dit altyd uit jou hande geneem is, óf jy is só moeg daarvan dat jy weggebreek het en jou deur niemand anders laat beïnvloed as jy besluit nie.”

Jou selfbeeld is veral ‘n belangrike faktor, sê sy. Iemand met ‘n gevestigde en stabiele identiteit weet wat hulle wil hê. Só iemand is geneig om stelselmatig en rasioneel besluite te neem. Hulle sal feite teen mekaar opweeg en besluit wat die beste is.

“Ander weer, maak dikwels op instink staat, maar hulle word ook beïnvloed deur ander se menings. Sulke mense wil dikwels diegene om hulle tevrede stel. Ons het almal ‘n behoefte om aanvaar te word, niemand hou van verwerping nie en dan gebeur dit dat jy dalk ‘n besluit neem wat jy eintlik nie wou neem nie – omdat jy gekies het wat jy dink van jou verwag word. Hulle wik en weeg en gebruik soms die volstruistegniek, maar voortdurende uitstel maak dit net moeiliker. Party gaan so ver om te hoop dat die spul ontplof en dán neem hulle ‘n besluit, as dit nie anders kan nie.”

Navorsing toon mans neem dikwels vinniger besluite. Hulle neig om meer analities, berekenend en rasioneel te wees en neem onomwonde sterk besluite en sê dit verg moed om so ‘n taai besluit te neem.

Vrouens neem langer om besluite te neem omdat hulle op die groter prentjie fokus. Hulle kyk na almal se belange en word dikwels gekritiseer omdat hulle die emosionele komponent bybring. Vrouens vertrou ook hul instink om hulle te help om besluite te neem.

Kobus Neethling se uitgangspunt is dat mense met passie moet lewe en as jy nie passie vir jou werk het nie, is jy op die verkeerde plek. Mense volg dikwels ‘n loopbaan omdat hulle ouers dit vir hulle gekies het. Hy voel dat jy nie moet aanhou om die besluit uit te stel as jy weet jy is reg vir ‘n verandering nie. Mense wat aanhou uitstel en afstel, haal hulle dikwels net stres en onrustigheid op die hals.

© UCLES 2004

**4** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans** en **in jou eie woorde**.

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik dus 15 + 5 = 20)***

**(a)** In watter opsigte kan besluite neem jou help volgens die skrywer? [2]

**(b)** Watter faktore beïnvloed jou vermoë om ‘n besluit te kan neem volgens Benita Raubenheimer? [4]

**(c)** Verduidelik wat bedoel word met “hulle wik en weeg”. [1]

**(d)** Wat beteken die woord “volstruistegniek” en wat is die skrywer se mening hieroor? [3]

**(e)** Vergelyk die manier waarop mans en vrouens besluite neem. Noem **vier** verskille. [4]

**(f)** Wat bedoel Kobus met die woorde: “…met passie moet lewe”? [1]

[Totaal: 20 punte]

**5** Beantwoord die vrae in **Afrikaans**. Skryf ongeveer 140 woorde.

**(a)** Wat, volgens beide artikels, kan die mense wat probleme ondervind, doen om hulself te help? [10]

**(b)** Beskryf watter aanbevelings **jy, persoonlik** sou maak, om hulle te help. [5]

[Taalgebruik: 5]
[Totaal: 20 punte]

**BLANK PAGE**

**BLANK PAGE**

**BLANK PAGE**

*Copyright Acknowledgements:*

Section 1 © S Truter, *Sarie Magazine*, April 2002.
Section 2 © S Truter, *Sarie Magazine*, January 2002.

Every reasonable effort has been made to trace all copyright holders. The publishers would be pleased to hear from anyone whose rights we have unwittingly infringed.

University of Cambridge International Examinations is part of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.